| Verslagwaardig: | JA / NEE |
|---|---|
| Sirkuleer Aan Regters: | JA / NEE |
| Sirkuleer aan Streeklandroste | JA / NEE |
| Sirkuleer Aan Landdroste: | JA / NEE |

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA
(Noord-Kaapse Afdeling)

| | | |
|---|---|---|
| | Saakno: / Case number: | **CA&R 17/07** |
| | Datum verhoor: / Date heard: | **18/06/2007** |
| Datum gelewer: / Date delivered: | **22/06/2007** | |

In die appËl:

**VAN ZYL, FREDERICK JACOBUS** Appellant

teen

**DIE STAAT**

**Respondent**

*Coram: Lacock R et Williams R*

## UITSPRAAK OP APPÈL

**LACOCK R:**

1] Die appellant is in die landdroshof, De Aar, skuldig bevind aan aanranding en gevonnis tot betaling van ‘n boete van R500.00 of 3 maande gevangenisstraf en wat in die geheel voorwaardelik opgeskort is vir ‘n periode van 2 jaar. Met verlof deur hierdie Hof verleen, kom die appellant nou in

hoër beroep teen sy skuldigbevinding.

2] Die landdros het die appellant op sy eie weergawe van die tersaaklike gebeure, skuldig bevind. Daardie gebeure, en soos voorgehou deur die appellant, kan as volg saamgevat word:

Die appellant was gedurende die dag van 18 Oktober 2005 in ’n besigheidsperseel geleë in Alexanderstraat, De Aar. Net toe hy uit hierdie perseel op die sypaadjie tree, het twee seuns van onderskeidelik 13 en 10 jaar oud met ‘n fiets teen hom vasgery. Die twee seuns het met die fiets op die sypaadjie gery. Die oudste seun was in beheer van die fiets, en die jonger seun was ‘n passasier wat op die raamwerk voor die saal van die fiets gesit het. Met die botsing het al drie partye geval. Die appellant het hierna eers die ouer kind aan sy klere gegryp, hom nader gepluk en met hom geraas, en daarna die jonger kind voor die bors gegryp, hom geruk en met hom geraas. Die appellant getuig dat hy beide kinders *“hardhandig”* hanteer het, maar nie sodanig dat hy hulle klere geskeur het nie.

3] Die landdros was nie bereid om die weergawes van die kinders naamlik dat, benewens die gryp deur die appellant aan hul klere en dat hy hulle geruk het, hy die ouer een gestamp het dat hy struikel en die jonger een met die vuis

teen die kop geslaan het, te aanvaar nie.

Na my mening kon die appellant homself uiters gelukkig ag dat hierdie kinders se getuienis nie aanvaar is nie. Beide was blootgestel aan deurtastende kruisverhoor deur 'n ervare prokureur, en hulle het, met inagneming van hul ouderdomme, uitstekend as getuies gevaar. Veral die jonger kind het na my mening goed getuig en deurgaans by sy weergawe gehou en homself in geen wesenlike opsig weerspreek of sy getuienis aangepas nie.

Wat verdermeer eienaardig voorkom is dat die appellant vrygespreek is op die aanranding op die ouer kind, en dit terwyl hy, op sy eie getuienis, die ouer kind op dieselfde wyse aangerand het as die jonger kind!

4] Hoe dit ookal sy, die vraag ter beantwoording is of die appellant korrek skuldig bevind is aan aanranding op die jonger kind. Na my mening is daar geen gronde waarop ingemeng kan word met hierdie bevinding van die landdros nie.

5] Aanranding bestaan daaruit dat 'n persoon wederregtelik en opsetlik geweld aan die liggaam van 'n ander toevoeg (of die laat glo dat geweld hom onmiddellik toegevoeg sal word).

Sien Snyman, *"Strafreg"* (4de uitgawe) te 447.

Die gewaande handelinge van die appellant was ooglopend wederregtelik. Hy het geen regverdiging gehad om die kinders leed aan te doen nie.

Dat hy die opset gehad het om die kinders te gryp en te ruk, is ook bewys. Mnr. Schreuder namens die appellant, het myns insiens tereg toegegee dat die bewering van die appellant naamlik dat hy gedink het dat hy geregtig was om die kinders te ruk en pluk onder die omstandighede, tereg deur die landdros verwerp was.

6] Uiteindelik het mnr. Schreuder slegs daarop gesteun dat die appellant op sy vryspraak geregtig was op grond, van die *"de minimis non curat lex"* leerstuk. *"Daar bestaan in ons strafhowe 'n goed gevestigde en heilsame praktyk om, met die gebruik van die "de minimis"-reël, nie mense skuldig te bevind aan onbenullige aanrandings nie"* (**S v A en 'n Ander, 1993 (1) SASV 600 (A) te 607 e**).

Vir doeleindes van die beslissing van hierdie vraag is dit nodig om nie alleen die aard van die misdryf in ag te neem nie, maar ook alle tersaaklike omstandighede waaronder dit gepleeg is. Sien **S v Van Wyk, 1974 (1) SA 36 (A) te 43 A**. Wat na my mening enersyds tersaaklik is, is dat (a) die

appellant niksvermoedend uit ‘n winkel gestap het op die sypaadjie voor die winkel; (b) hy nie kon verwag het dat hy daar deur ‘n fiets getref sou word nie; (c) die kinders nie geregtig was om op die sypaadjie te ry met ‘n fiets nie; (d) die appellant kwaad was omdat hy deur die fiets getref is; en (e) die appellant se daaropvolgende optrede reaktief van aard was.

Hierteenoor moet egter ook in ag geneem word dat (1) die appellant ‘n volwasse man en boer van 52 jarige ouderdom was; (2) die kinders slegs 13 en 10 jaar oud was; en (3) die appellant op sy eie weergawe, hierdie jong kinders hardhandig hanteer het.

7] Uiteraard verg die onderhawige vraag ‘n waarde oordeel. In sekere omstandighede mag ‘n Hof oordeel dat die leerstuk toepassing vind (Sien **S v Bester, 1971 (4) SA 28 (T)** en in andere nie (Sien **R v Maguire, 1969 (4) SA 191 (R.AD)** en **S v Schwartz, 1971 (4) SA 30 (T)** ).

8] Na my mening behoort die onderhawige aangeleentheid nie straffeloos verskoon te word kragtens die *“de minimis”*-reël nie. Ons hedendaagse bestel verleen, soos te begrepe is in ‘n beskaafde en demokratiese samelewing, besondere erkenning en beskerming aan kinderregte en die sosiaal/maatskaplike belange van kinders. Hierdie belange en beskerming is nie alleen vervat in wetgewing nie (sien bv.

die voorwoord tot die Children’s Act, nr. 38 van 2005) maar is ook in die Grondwet van 1996 verskans, en meer bepaald in art. 28 daarvan. Hierdie regte van kinders, en meer bepaald jonger kinders, verg dat die howe onder andere moet waak daarteen dat daar onregmatig teen kinders opgetree word. Na my mening sal dit neerkom op die versuim van hierdie plig indien howe sou toelaat, of gesien word om toe te laat, dat volwassenes hulle vergryp teenoor kinders – soos die appellant gedoen het – bloot omdat ‘n kind verkeerd opgetree het en die volwassene die slagoffer van daardie verkeerde optrede was. In *casu* was dit na my mening nie nodig vir die appellant om die jonger kind voor die bors te gryp en te ruk nie. Hy moes homself van hierdie optrede weerhou het. ‘n Streng vermaning sou voldoende gewees het.

Gesien vanuit die oogpunt van hierdie jong seun, moes dit vir hom ‘n vreesbevange ervaring gewees het om deur ‘n volwasse man aan die bors gegryp en geruk te word. Na my mening verdien sy integriteit die beskerming van die reg.

9] Bygevolg word die volgende bevel hierin verleen:

**Die appèl word afgewys.**

HJ Lacock
**REGTER**

Ek stem saam.

CC Williams
**REGTER**

**Namens appellant:** **Adv JJ Schreuder**

**Namens respondent:** **Adv AH Van Heerden (Kantoor van die DOV, Kimberley)**